

SARIE
MARAIS
BOERERATE



INHOUD

Aambeie	Hoesmedisyne	Skilfers
Arthritis	Hoesmiddel (2)	Skurfte
Asma	Hoofpyn	Slaaploosheid
Baba	Hooikoors	Slegte asem
Baba (slym op bors)	Imuniteit	Slym Op Die Bors
Baba (Woelig)	Keelseer	Snywonde
Baba - Brandboutjies	Kinkhoes	Sooibrand
Bedsere	Klem in die kaak	Spastiese Dikderm
Benoude Bors	Kneusing	Spiere
Beroerte	Koliëk	Sproete
Blaas, Nier ens.	Koorsblare	Spysvertering
Blaasinfeksie	Kruie	Stem
Bloedarmoede	Kopluisse	Stinkneus (Loopneus)
Bloeding	Lam Kakebeen	Stuipe
Bloedsuiker	Lae Bloeddruk	Swaarlywigheid
Bloedvinte	Lakseer	Swak Hart
Bloedvintpleister.	Liddorings	Swart Pleister
Bors (slegte bors)	Loop Neus	Sweet voete
Brandwonde	Maag	Swelsel
Pleister vir brandwonde	Maagkrampe	Swere
Breuk	Maagpyn	Tande sny
Bysteek	Maagseer	Tandpyn
Cholestrol	Maagwerkings	Tering
Doofheid	Menstruasie	Trekpleister
Dronkenskap	Moegheid	Vallende siekte
Gal en Gorrelroos	Naarheid	Vel Allergie
Galstene	Neusbloei	Velinfeksie
Geelsug	Nierstene	Vergiftiging
Geheue	Oë	Verkalking
Gewigsverlies	Omloop	Verkoue
Gewrigsontsteking	Ontwatering	Versterkmiddels
Goed gesluk	Ore	Vet
Haarverlies	Pitsere	Voetbad
Hart	Puisies	Vlekke
Hartkloppings	Roos (Belroos)	Vratte
Hartkwaal	Rumatiek	Vrot Sere
Hartwater	Salf	Watersiekte
Heesheid	Sandwurms	Wintervoete en hande
Hoë Bloeddruk	Seer keel	Wurms
Hoë Bloeddruk & geruis in ore	Sere	Kinders wat nie Luister nie

Neem op eie risiko

Aambeie

6 pakkies rhubarber poeier
6 pakkies salpeter
1 pakkie epsom sout
2 bottels water.
Kook tot 1 bottel oorbly.
Drink 1 dessert lepel vol.

*

Nugter speeksel en menswater word aanbeveel; dan ook veral tog meer bedagsaam wees watter papier, ens. 'n mens gebruik as hy aan sy natuurlike behoefte voldoen. Die beste is skoon ou linne klam gemaak met nugter speeksel en sy eie water. Harde, stywe of gedrukte papier of so iets is nadelig.

*

Nadat jy gebad of gestort het, droog heel eerste jou hande goed af sodat dit so droog as moontlik is. Droog daarna die res van jou lyf af.
Die ambeie verdwyn vinnig en nadat dit verdwyn het moet jy hierdie ritueel aanhou doen veral as jy nogal baie sukkel met ambeie. Probeer om dit 'n gewoonte te maak om jouself so af te droog. As heirdie ritueel gelowig gevolg word sal jy nooit weer probleme met ambeie hê nie.

Arthritis

2 botteltjies witdulsies.
1 koekie kamfer.
Meng goed.
Smeer aan, NIE drink nie.

*

1 Bottel whisky
1 teelepel wassoda.
Drink 1 eetlepel vol in die oggende.

*

Drink van 1 tot 9 druppels Jeyes Fluid.

1ste dag 1 druppel
2de dag 2 druppels
3de dag 3 druppels
4de dag 4 druppels
5de dag 5 druppels
6de dag 6 druppels
7de dag 7 druppels

Hou so aan elke dag tot 9 druppels en die dag daarna verminder jy weer elke dag 1 druppel tot by 1.
Hou so aan vir 'n ruk.

Asma

Uie help om versperrings van die asemhalings kanale te voorkom.

*

Baie sterk koffie help om onmiddellike verligting te gee (Die kaffeïen in die koffie maak jou lugweë feitlik onmiddellik oop.)

Baba

Vir Babatjies Wat Krampe En Winde Het.

1 Botteltjie krampdruppels
1 botteltjie interesdruppels
1 botteltjie versterkdruppels

1 botteltjie wonderkroon
1 botteltjie balsem vita

Maak 'n lepel suikerwater aan en sit van elkeen 'n druppeltjie in die suikerwater – tot 2 druppeltjies as hulle ouer as 6 maande is.

Vir Babatjie Met Slym Op Die Borsie.

1 teelepeltjie gesmelte botter.
Vryf borsie daarmee in.

Vir Woelige Babas.

'n Baie oulike raat vir kinders (babas tot omtrent 10 maande oud) wat baie woelig is in die aande en wat nie tot ruste wil kom nie.

Dit werk veral goed vir koliek babas.

Jy benodig :

Lennon se Entresdruppels,
Lennon se Wonderkroon en
Lennon se Rooilafentel.
Krampwater.

Jy maak dit as volg aan :

1 druppel van al die Lennon produkte vir elke maand wat die baba oud is met genoeg krampwater om die bitter smaak weg te neem.

Baba se brandboudjies:

Wit van een eier - liggies geklits.

Maizina - gooi in leë babapoeierblikkie

Smeer eierwit aan met watter en strooi maizina - doen dit met elke doek wat omgeruil word.

Dit vorm 'n skilletjie op die boudjies.

Bedsere

Neem 'n potjie Prep (skeerroom) en meng dit baie goed met 'n botteltjie Turlington. Smeer hierdie mengsel twee keer per dag sommer lekker dik aan. (Hierdie raat werk ook vir ander sere wat sukkel om gesond te word)

*

Neem die wit van 'n eier en brandewyn, roer dit goed en susses dit aan. Skoon brandewyn is ook goed. Smeer dit eike aand aan.

*

Laat die pasiënt op 'n gelooide vel lê.

Benoude Bors

Sit kanfer In 'n pan, gooi soetolie daarop, maak dit goed warm en sit dit op die bors.

*

Smeer ongebleikte linne met bokvet, strool skoorsteenroet daarop en sit dit op die bors.

Beroerte

Tee voorkom die opbou van vetneerslae op aarwande.

*

1 groot mespunt Engelse sout, 1 groot mespunt rool poeier.
Gee die pasiënt dit in.

*

Hou die voete tot aan die kniee in 'n mostertbad.

*

Gooi kookwater op 'n handvol rou koffle en laat dit trek.
Drink 3-maal op 'n dag.

Blaas, Nier, Nierstene, ens.

Meng saam:

1 Botteltjie haarlemensis

1 Botteltjie swawel balsem

1 botteltjie balsem kopiva.

Drink 12-15 druppels op melk of suiker. Verkieslik in die aand.

*

1 Botteltjie halemens druppels

1 botteltjie witdulsies

1 botteltjie terpentyn

1 botteltjie balsemsulphirus

1 botteltjie olyf olie.

Alles gelyke dele – meng goed en drink 1 teelepel vol 3 maal per dag.

Blaasinfeksie

Neem twee teelepels kaneelpoeier en een teelepel heuning in 'n glas low warm water. Dit vernietig kieme in die blaas.

Bloedarmoede

Twee groot rou beet, grof gerasper in 'n glasbak. Giet 'n bottel Port daaroor.

Voeg een botteltjie LENNON VERSTERKDRUPPELS daarby. Laat staan oornag om te trek.

Gooi deur doek en bêre vloeistof in yskas.

Drink 3 keer per dag 'n kwart koppie vol.

Party resepte gebruik MILK STOUT (bier) in plaas van Port.

Ander gebruik LENNON STAALDRUPPELS in plaas van Versterkdruppel

Bloeding

Sit terpentyn op die wond.

*

Die voering van 'n ou hoed is ook baie goed om op die wond te sit.

*

Gooi 'n hele klomp peper op snywonde wat nie wil ophou bloei nie. Die peper laat die bloed stol en dit brand nie.

Bloedsuiker

Brokkoli en grondboontjies. Die chroom beheer die insullien en bloedsuiker.

Bloedvinte

Maak 'n pasta van witbrood en warm water. Sit die pasta so warm as moontlik op die swere.

Bloedvintpleister

Droë kanfer, rou reusel, balsem copiva, harmansdrup, balsem sulphurus, pain killer, en jamaika gemmer.

Bors (slegte bors)

1 Groot handvol wildeals

1 botteltjie pepermint druppels

1 botteltjie Borsdruppels

1 1/2 koppie bruin suiker

Kook wildeals 10 minute. Suig deur. Kook saam met bogenoemde tot stroperig.

Drink 1 desert lepel vol 3 maal per dag.

Brandwonde:

Druk dadelik 'n blokkie ys op 'n klein brandwond of hou die brandplek onder koue water. Moenie botter of petroliumjellie aansmeer nie.

*

Sit moskonfyt op.

*

Lynolielappe help om die brand uit te trek.

*

Kasterolielappe trek die brand uit.

*

Vaseliën Is ook goed om die pyn te verminder en die wond te help genees.

*

Sit tandepaste op die brandplek. Die mint trek dadelik die brand uit.

*

Smeer Vicks aan. Die Vicks verlig dadelik die brandpyn en voorkom ontsteking.

*

Pleister vir brandwonde.

*

Neem lynolie, kasterolie, 'n bietjie kanferbrandewyn, 6 tot 8 druppels harmansdrup en genoeg was om die pleister styf genoeg te maak om te smeer.

*

Lynolie, roosmaryn, wilde-als en was. Braai alles saam en gooi dit deur, gooi dan kasterolie by.

*

Bloekomplester. Gestampte bloekomblare, 'n stukkie geel was en 'n stukkie bokvet. Braai dit uit en gooi dit deur. Voeg dan 'n bietjie soetolie en harmansdrup by.

*

4 eetlepels geskraapte seep, 2 eetlepels room, 2 eetlepels heuning en 'n stukkie droë kanfer. Braai dit deur-mekaar.

Breuk

Smelt aluin in „Eau de Cologne" en sit dit op.

Moenie swaar goed optel nie.

Bysteek

Maak 'n pasta van koeksoda en water en plaas dit op die steekplek. Dit trek die gif baie vinnig uit.

Cholesterol

As jy aan hoë cholesterol ly, laat dit toets en onthou die lesing. As jy dit na normaal wil laat sak, doen ELKE dag die volgende:

As jy wakker word in die oggend en voordat jy boeretroos drink, neem een huisie rou (vars) knoffel van medium grootte (of groter), sny dit in tenminste vier dele, kneus dit effens (moet dit nie pap druk nie!), en sluk dit heel in met koue water. Gooi nou jou koffiebeker vol kookwater, druk die sap van 'n halwe suurlemoen daarin of spuit 'n lekker spuit vars suurlemoen of lemmetjiesap (jy kan dit in die supermark koop - TRULEM werk goed) en drink dit om te keer dat jou asem na knoffel ruik. Sowat 40 minute nadat jy die knoffel gesluk het, kan jy maar koffie drink of eet en met jou normale bedrywighede aangaan. Die water en suurlemoen kan so tussen die skeurdery of gesig inkleurdery gedoen word!

Doen dit getrou elke oggend en laat jou cholesterol na 'n maand weer meet.

Terloops, die knoffel help vir rumatiek, keer dat jy verkoues en griep opdoen en, help om bloeddruk normaal te hou. Dis ook die goedkoopste medisyne op die mark!

*

1 Eetlepel wassoda opgelos in 'n bietjie warm water.

1 Bottel Gin.

Meng en drink een eetlepel vol elke oggend.

* Twee eetlepels heuning en drie teelepels kaneelpoeier wat in 500 ml tee aan 'n pasiënt gegee word, verminder die cholesterol vlak in die bloed met 10% binne 2 uur.

* Indien bogenoemde mengsel drie keer per dag geneem word - genees dit kroniese cholesterol.

Doofheid

Sny 'n hasie oop en druk die water uit die blaas in 'n fles. Gooi 2 druppels 2 maal per dag in die oor. Steek 'n pluisie in die hasiewater en dan in die oor en maak gedurig weer nat.

Dronkenskap

30 grein ystersulfaat,

40 gram magnesia

44 dragmes* pepermentwater

44 dragmes* "Spirits of nutmeg"

Neem 1 dessertlepelvol 3-maal op 'n dag.

* 60 grein of 3,7cc

Gal En Gordel Roos

1 teelepel borrie

1/2 glas water.

Drink 3 maal per dag.

Galstene

Neem 'n kwart glas (gewone bierglas) vars melk, vul dit op met olyfolle, voeg 'n teelepel kremetart en een teelepel koeksoda by, roer die mengsel goed deurmekaar en drink dit in die vooraand.

Neem dan 3 uur later 2 bile beans pille en die daarop volgende oggend een goeie dosis Engelse sout op nugter maag. Bly die eerste en tweede dag sonder vaste voedsel. Herhaal alles 14 dae later.

*

(Ook vir verdikte gal)

Kneus 7 huisies knoffel en gooi in 1/2 bottel Gin.
Laat staan 24 uur.
Drink 1 teelepel in water twee keer per dag.

Geelsug

Neem gestampde koljandersaad, gooi kookwater daarop en laat dit trek. Gee vir 'n kind 1 teelepel vol eenmaal op 'n dag.

*

Skaapmelk is ook goed.

*

'n Rabarberpoeier met eweveel salpeter en kremetart. Maak dit goed deurmekaar. Gee 1 eetlepel vol driemaal op 'n dag.

Geheue

Oesters is 'n goeie bron van sink wat die geheue verbeter

Gewigsverlies

Kook een koppie water met heuning en kaneelpoeier en drink dit soggens op jou nugter maag en saans voor jy gaan slaap. dit veroorsaak gewigsverlies by enige persoon. Die drankie voorkom dat vet opbou in die ligaam al eet jy ook baie kalorië.

Gewrigsontsteking

Eet baie vis. Kabeljou, tuna en sardyne voorkom gewrigsontsteking.

Goed Gesluk

'n Speld en goed word soms gesluk deur kinders en die verpleging moet bestaan om die speld deur die ingewande te laat passeer. Met dié doel moet 'n groot kwantiteit ertappels gegee word en nie ander voedsel nie, totdat die speld gepasseer het. Moenie purgeermiddels gee nie.

Haarverlies

Mense wat aan haarverlies of kaalhoofdigheid lei kan 'n pasta van warm olyfolie, een teelepel heuning en klein bietjie kaneelpoeier aan hul kopvelle smeer voor badtyd. Laat dit vir 5 minute en was dan jou hare.

Hart

1 Botteltjie Alma Hartdruppels

1 Botteltjie Witdulsies

Meng saam en drink 18 druppels 3x per dag.

*

(Ook goed vir senuwees)

1 Botteltjie krampdruppels

1 botteltjie versterkdruppels

1 botteltjie Alma hartdruppels

1 botteltjie salvelatie.

Meng baie goed.

Drink driemaal op 'n dag 1 teelepel mengsel met 1 teelepel suiker met 'n bietjie water.

Hartkloppings

Moet nooit saans te veel of onverteerbare kos eet nie. Lê nooit op jou linkersy of op jou rug nie. Verdryf alle swarmoedige gedagtes en laat snags 'n lampie brand.

Hartkwaal

Maak 'n pasta van heuning en kaneelpoeier en eet dit gereeld as 'n smeer op brood. Dit voorkom die opbou van cholesterol in die are en voorkom hartaanvalle. Dit verminder ook die kans van 'n tweede aanval drasties.

*

Laat lemoenblare soos tee trek. Drink twee eetlepels, driemaal op 'n dag.

*

Brandnetels soos tee laat trek met rooi laventel.

*

Brandnetels gedroog en op brandewyn laat trek. Neem 1 eetlepelvol driemaal op 'n dag.

Hartwater

Gebruik kanfersopies.

Neem bronkors, stamp dit fyn en druk dit deur sonder water.

Neem 'n half bottel van die bronkorssap en vul die bottel verder met heuning. Sit die bottel in 'n brood voordat die brood in die oond kom. Laat die bottel in die brood bak en koud word.

1 bottel Franse brandewyn, 1 bottel kruisementtee, kwart bottel rou heuning, 25 van die sterk pepermentkoekies (extra strong), 1 flessie kamilleessens, van die groot plat bottels.

Die kruisementtee moet so warm wees, dat die pepermente en heuning smelt. Gooi die ander goed by as dit koud is.

Neem 3-maal op 'n dag 'n kelkievol, en al om die ander dag nege druppels Haarlemmerolle, met slaapyd.

Heesheid

1 teelepel heuning, 1 teelepel fyn gemmer, 1 teelepel tyn teesuiker, 3 eetlepels boegoe-asyn. Meng alles goed en drink 1 teelepel vol daarvan.

*

1 teelepel soetolie, 1 eetlepel asyn, geel van 1 eier, 1 eetlepel heuning. 1- teelepel fyn teesuiker. Meng alles goed en drink 1 teelepel vol daarvan nou en dan.

Hoë Bloeddruk

Rasper 'n artappel met skil en al. Gooi 'n bietjie water by en drink op nugter maag voor enige koffie gedrink word.

*

Eet 'n gerasperde, medium groot artappel (rou) vir onmiddellike verligting.

*

Olyfolie, Seldery - dit is bewys dat beide bloeddruk verlaag.

*

Maak 'n tee deur 'n takkie wynruit in kookwater te plaas vir 5 minute. Die tee bring die bloeddruk onmiddelik af. Moenie te gereeld gebruik nie - hierdie is net noodhulp.

*

Roosmaryn tee help om die bloeddruk te stabiliseer - (hoë- of lae bloeddruk).

*

1 Botteltjie rooi poeier
1 pakkie kremetart
1 pakkie salpeter
1 pakkie epsom salt (Engelse sout)
Neem 'n knippie in die môre en aand.
(Een pakkie = 1 eetlepel of in die ou gewig 1 ons).

*

(Ook goed vir die hart)
2 teelepels heuning
Op 1 koppie kookwater.
Drink 2x per dag so warm as moontlik.

*

Knoffel Pille

Hoë Bloeddruk En Gedruis In Ore

Week 1/2 lb (250 gm) rosyne met pitte 24 uur lank in twee botteltjies witdulsies. Eet twee keer per dag een rosyntjie (die groot soort). As dit kleintjies is eet dan twee.

Hoesmedisyne

1 Botteltjie borsdruppels
1 Botteltjie turlington
1 Botteltjie Paragoriese Elikser
1 Botteltjie Pepermentdruppels
500 gm Heuning
1/2 koppie Appel Asyn.
Meng alles saam. Drink 1 teelepel vol.

*

1/2 koppie heuning
2 teelepels borsdruppels
1 teelepel paragorie
1 teelepel asyn
Meng goed en drink 1 eetlepel vol.

Hoesmiddel (Baie goed)

4 onse liquorice liquid
4 onse roulyn olie.
1/2 koppie gin
1/2 lb heuning.
Meng goed. Drink sommer so kort-kort 'n mond vol.

*

Roorissies word allerweë gebruik in die maak van hoesmedisyne.

*

2 eetlepels heuning, 'n bletjie kanfer, 1 eetlepel asyn, brandewyn.
Maak dit goed aan.
Neem 3- of 4-maal op 'n dag daarvan.

*

Neem 5 of 6 kruinaeltjies in die mond en kou en sluk die sap in.

*

Vars botter sonder sout, skoon uitgewas en gesmelt met heuning. Roer tot dit koud is en gebruik daarvan.

*

Sit 'n eetlepel gliserien in 'n glas warm melk, roer dit goed en drink dit stadig.

Hoofpyn

(Migraine) Drink 20ml asyn baie stadig en die hoofpyn is gewoonlik binne 10 minute skoonveld.

*

Eet baie vis. Visolie help hoofpyne voorkom net soos gemmer. Beide verminder inflammasie en pyn.

*

Sny 'n aartappel in 4-5 skywe en plaas op elk slaap en die res op die voorkop. Bind vas met enige lap en rus vir tenminste 'n halfuur.

*

As jy nou regtig die dag hoofpyn het wat nie wil weggaan nie, vat 'n halwe glas melk en gooi so twee teelepels heuning daarin en roer dit totdat die heuning opgelos is. Sluk dit dan af.

Dit klink nie asof dit werk nie en ek self was skepties, totdat ek dit probeer het en dit het baie goed gewerk.

(Onike)

*

Sny 'n suurlemoen of lemmetjie in die helfte en vryf die sap op jou voorkop in. Die geklop sal dadelik ophou.

Hooikoors

Eet baie jogurt voor die stuifmeel seisoen.

Imuniteit

Daaglikse gebruik van heuning en kaneel versterk die immuunstelsel en beskerm die liggaam teen bakteriële en virusinfeksies.

Keelseer

3/4 teelepel fyn sout

3/4 teelepel koeksoda

1/2 teelepel dettol

1 disprine

3/4 kop water.

Gorrel kort-kort.

(BAIE GOED)

Kinkhoes

Laat kinders in die more vroeg in 'n stal speel.

Klem in die kaak

Maak 'n pap van tiemie, broodkrummels en asyn en sit dit op die kake.

Kneusing

Sit Boegoe- of bloekom-asynkompreesse daarop en laat drink.

*

Smeer kneusplek met brandewyn.

Koliek

Brand brandewyn in 'n eetlepel totdat die vlam dood gaan en drink.

*

Drink lou kanferbrandewyn. Steek flennie in warm asyn en sit dit op die maag. As dit afkom sit dan 'n droë flennie op.

Koorsblare

Gebruik 'n gewone vanilla essens en plaas dit met 'n oorstokkie op die koorsblaar. (Herhaal so elke halfuur indien nodig) Die vanilla essens droog die koorsblaar op.

*

Sodra jy voel daar is 'n koorsblaar op pad, moet jy baie roesyntjies eet.

*

Gooi een teelepel borrie in 'n glas water en drink wanneer koorsblare pla.

Kruie

Basielkruid (Balsemkruid)

- * Tee wat van die blare gemaak word help met maagsere, migrain, mondinfections, mangels en wurms.
- * 'n Daaglikse dosis van die tee beheer aknee en ander velprobleme.
- * 'n Paar takkies in appelasyn help vir naarheid en maagprobleme.
- * Gorrel die mengsel om ontslae te raak van seerkeel en mondinfections.
- * 'n Aftreksel in die afspoelwater van jou hare beheer kopvelprobleme.

Kamille

- * Kamilletee verseker 'n goeie nagrus.
- * Kamille kruid in die badwate help vrouens met menstruele pyne.
- * Help kinders met maagpyn.

Knoffel

- * 'n Knoffelhuisie wat vasgebyt word verlig tandpyn.
- * Knoffelolie op die kopvel is goed vir skilfers.

Laventel

- * Laventeltee word aanbeveel vir spanningshoofpyne, lighoofdigheid, naarheid, spierspanning, slapeloosheid en depressie.

- * 'n Pasta van die blare en kookwater is goed vir sonbrand en ligte brandwonde.
- * Laventelolie op die slape help vir hoofpyn.

Pietersielie

- * Hou jou asem vars.
- * Verwyder knoffelreuk van jou asem.
- * Goed vir Artrites, koors, naarheid en hoë bloedruk.
- * Pietersielie in sop, bredies en slaai is goed vir die niere.

Salie

- * Tee van salieblare is uitstekend vir diareë (veral kinders).

Tiemie

- * Tiemietee help vir sooibrand, seerkeel en verkoue.
- * Tiemiete is goed vir die beheer van aknee, asma, brongietis, krampe en atleetvoet (smeer aan)
- * Tiemie in kinders se badwater help met verkoues en asemhalingsprobleme.

Vinkel (Duiwel-in-die-bos)

- * Dit haal die toksiene uit die liggaam en help met verslanking.
- * Verminder die effek van alkohol of te veel eet.
- * Vinkeltee moet vyf minute trek en een of twee koppies per dag is genoeg maar dit moet nie vir nie meer as 'n week op 'n slag gebruik word nie.

Kopluisse

Meng 'n halwe koppie kookolie en 'n halwe koppie asyn en vryf dit in die hare in. Los so lank as wat moontlik is en was dan die hare.

*

Vir nete help 'n 50:50 mengsel van wasgoedversag-middel en kookolie. Smeer aan en los vir 30 minute onder stort keps of plastieksak. Geen neet klou meer na hierdie storie nie. Glo my ons het dit probeer.

Jy kan ook die hare met asyn afspoel voordat jy met luis-sjampoe was, dit versag die doppies van die nete en die sjampoe dood hulle dan. Werk nie so goed soos eersgenoemde.

*

1 Koppie olie (kookolie)

1 Koppie asyn

1 Koppie Parafien

- Skud die mengsel goed
- Wend kwistig aan droë hare en laat staan vir ± 20 min.
- Was daarna met sjampoe in lekker sterk-lou warm water.

Laat staan kam en borsel in asynwater tussen gebruik.

Die resep is nie skadelik vir die kopvel nie; asyn en olie neutraliseer die parafien en voed die kopvel.

*

Die tower raad is MAYONASE! Mens smeer dit aan die hare en die luisse versmoor. Jy vat genoeg mayonase om al die hare te bedek. Amper soos wanneer jy jou hare kleur.. sorg dat jy die hele haar bedek van kopvel tot punt. Skenk veral aandag aan die deel van die haar naby aan die kopvel, agter die ore en in die nek gedeelte want dis waar die luis eiers die meeste voorkom. Dan bedek jy die kind se kop met 'n plastiek inkopiesak. Jy skeur die een gedeelte van die sak oop, draai dit om die hare en knoop dit soos 'n kopdoek. Dan los jy dit so lank moontlik op. Ten minste 'n halfuur, maar 'n uur is nog beter. Nie langer as 'n uur nie. Dan was jy die hare goed met sjampoe om al die olie-righeid van die mayonase af te kry en kam die hare goed deur.

Lae Bloedruk

Eet 'n handvol rosyne.

*

LAE BLOEDDRUK EN ALGEMENE OPBOU.

- 1 Botteltjie bruin dulsies.
- 1 botteltjie rooi laventel
- 1 botteltjie Wonderkroon essens
- 1 botteltjie Hoffmans druppels
- 1 botteltjie Balsem vita
- 1 teelepel Jamika gemmer
- 1 desert lepel Phosferine
- 1 teelepel in water aand en oggend.

*

Roosmaryn tee help om die bloeddruk te stabiliseer - (hoë- of lae bloeddruk).

Lakseer

Granaatskille in melk gekook. Gebruik 2 eetlepelsvol. vir 'n volwasse persoon en 'n halwe teelepel vol vir 'n kind.

*

Laat amarabossies soos tee trek en drink.

*

Vir krampe en purgeer drink 2 eetlepels kasterolie, 1 teelepel soetolie en 15 druppels krampdruppels. Vryf die maag met terpentyn. Sit pappe van fyn naeltjies gemaak daarop.

Lam Kakebeen

Vryf die kakebeen goed met kopiva. Drink 'n mespunt sout met 'n bietjie water op die nugter maag.

Liddorings

Hou dit in warm water en sny dit dun. Sit vingerpol-melk om op 'n lappie 'n Klimopblaar is ook goed.

Loop Neus

Sny 'n groot ui in 1/4 duim dik.
Gooi toe met water en laat 'n rukkie staan.
Drink net water.

*

Goeie wenk vir die loopneus dae....sny 'n ui baie fyn sit in 'n plastiek bakke wat goed kan seel, gooi suiker oor (+/- 3 eetlepels of meer) laat staan teen kamperatuur en "drink" dan die suiker/ui water so 'n teelepel elke oggend. Dit is 'n ou boereraat van ons omgewing hier uit die "ou Suidwes" en dit werk regtig goed. Is ook nie werklik so sleg nie.
(Dankie Carine)

Maag

Piesangs sal 'n omgekrapte maag regruk.

*

Anys word tradisioneel reeds vir meer as 2000 jaar gebruik vir die verligting van 'n omgekrapte maag. Verder help dit met die uitsetting van oormatige gas uit die ingewande.

Maagkrampe

Mampoer is baie goed vir krampe op die maag.

*

Vryf rond op die maag. As die kramp hewig is, lê flennie op wat geweek is in terpentyn op die maag. Drink gemmer wat in kookwater getrek het.

*

Sien ook "Spastiese Dikderm"!

Maagpyn

Drink 'n paar druppels Lennon's se peppermint druppels in water. Herhaal na 'n uur of wat indien nodig.

Maagseer

1 Blikkie Kondensmelk

1 Botteltjie turlington

Meng alles saam. Drink 3 eetlepels vol per dag.

*

1 Bottel heuning

1 botteltjie turlington.

Neem 2 teelepels 3 keer per dag.

*

Kool bevat chemikalië wat help om maagsere te genees.

*

Sluk 'n mespunt Samboksalf elke oggend vir tien dae lank. Die maagsweer sal dan gesond wees. Aangesien die salf van plantaardige olies gemaak word, het dit geen newe-effekte nie.

Maagwerkings

Rasper 'n appel met die skil en laat bruin word. Eet om die toestand onder beheer te bring.

Menstruasie

As jy sukkel met meer as 5 dae se bloeding met menstruasie, jaag die storie bietjie aan deur 'n teelepel HAARLEMENSIS te sluk sodra jou periode begin, en alles gebeur somer vinniger! Ons het dit gereeld beproef, maar glo my die goed is sleg - ruik en proe soos teer...maar as dit jou kan help om voor die naweek/vakansie sonder sanitêre bagasie te wees, wat 'n plesier!

Groete, hou die boere bo!

Marinda

Moegheid

Studies het bewys dat die suikerinhoud van heuning is meer voordelig as nadelig vir die liggaam - selfs vir mense met bloedsuiker probleme.

Ouer mense wat 'n mengsel van heuning en kaneelpoeier drink, is meer op en wakker en soepel. 'n Glas water met een lepel heuning daarin en besprinkel met kaneelpoeier wat soggens geneem word en weer in die vroeë middag as energievlakke begin afneem, herstel lewenslustigheid binne 'n week.

Naarheid

Gemmer help met die afbreek van vette. Voorts stimuleer gemmer die uitsetting van gasse vanuit die ingewande en dit voorkom naarheid en vomering

Neusbloei

Verpoeier (rasper fyn) 'n blokkie Blousel (Dié wat in die wasgoed gebruik word) en snuif dit om 'n bloeiende neus te stop.

*

Suig ys, en spuit die neus met yswater. Lê heeltemal stil. Soms is dit nodig om 'n pluisie in die neus te steek.

*

Drink 'n glas water waar 1 teelepel kremetart ingeroer is. Dit sal die bloed stop.

*

Hou die arms op sodat die hande bokant die hoof bymekaar kom. Maak die neus en die voorhoof nat met koue water en ook agter die nek.

*

Maak 'n oplossing van sterk suikerwater aan. Doop 'n wattepluisie daarin en druk dit in die neus.

Nierstene

1 Botteltjie Balsem Kopiva

2 Botteltjies Harlemensis druppels

1 Botteltjie Balsem Vita Rooi

1 Botteltjie drink Terpentyn

Mens alles saam. Skud baie goed voor gebruik. Drink 1 teelepel vol elke oggend op jou nugter maag.

Oë

Was seer oë met vars flou tee of met kweperblare wat net soos tee getrek is.

*

Vir swak oë kan 'n bietjie harmansdrup In die buitehoekies gesmeer word.

Omloop

Smeer ink aan of klapperolie met blomswael.

Ontwatering

1 Liter afgekoelde kookwater

8 teelepels suiker

1 teelepel sout.

Drink 'n liter per dag.

Ore

Vir pyn in die ore kan 'n stukkie ou spek ingesteeek word. Herhaal dit solank as die steek in die ore aanhou.

*

Tabakrook in die ore blaas en 'n pluisie insteek is ook goed.

*

Braai 'n stukkie tabak in kaster- of soetolie, maak 'n paar druppels daarvan lou en drup dit in die ore.

*

Maak Soetolie warm, so liggaams temperatuur en drup 2 druppels in die seer oor.. dit vat die oorpyn vinnig weg.

Pitsere

As jy hom in die begin sien... sit Lenon's se Turlington op... hy brand seer maar hy brand hom dood ook!

As jy te laat sien...

Die "Wilson's xxx mint sweet..." suig hom 'n bietjie en plak hom met 'n pleister op die pitsweer... vervang hom gereeld... jy sal sien hy trek die pit se punt uit.... dan vat jy 'n stuk garing, sit hom om die punt en wen die garing op.... en dan trek jy die pit uit.. dis nie seer nie en hy gly uit!! Vra ek het 56 van die simpel goed gehad! en die was die een met die minste pyn!

Puisies

Maak 'n pasta van drie eetlepels heuning en een teelepel kaneelpoeier. Smeer die pasta aan die besmette dele voor slaaptyd en was dit af in die oggend. Na twee weke is alle puisies van die wortel af verwyder.

Roos (Belroos)

Neem van die klein tongblare en laat dit soos tee trek. Was die roosplekke daarmee en laat dit so droog word.

*

Eet rou patats.

*

Smeer jenever, droë kanfer en 'n stukkie geel terpentynseep aan.

*

Meng 10 dele gliserien vir 1 deel karbol; smeer dit aan die roosplekke.

Rumatiek

1 Eetlepel engelse sout

1 eetlepel Kremetart

1 eetlepel Koeksoda

1 eetlepel swawel

Neem 'n mespunt (1/2 teelepel) droog in oggend voor jy enigiets drink.

*

Meng 1 Bottel spirits

6 koekies kamfer

20 Aspirene pille

1 Bottel Terpentyn

Smeer aan.

*

Meng die inhoud van 'n klein botteltjie Kamfer room (150g) met vyf pakkies "Grandpa" hoofpyn poeier. Vryf gereeld in hande of aangetaste gewrigte.

*

1 teelepel engelse sout
1 eetelepel appelasyn
1 eetelepel heuning
1 eetelepel suurlemoensap (vars)
1 teelepel gelatine
1 glas of koppie kookwater, drink in die oggend voor koffie.

*

Gebruik een deel heuning en twee dele low warm water. Voeg 'n klein teelepel kaneelpoeier by. Vermeng tot 'n paste en smeer die geaffekteerde dele stadig. Die pyn begin binne minute verdwyn.

*

Rumatieklyers kan ook soggens en saans 'n koppie warm water met twee teelepels heuning en 'n klein teelepel kaneelpoeier drink. dit genees selfs kroniese rumatiek.

Salf

White Ointment (Wit Salf)

1 Klein botteltjie wit vaseline
1 opgehoopte eetelepel zink poeier
1 opgehoopte eetelepel boracic poeier
Meng baie goed en smeer aan.

Salf Vir Gordel Roos Of Enige Vel Uitslag.

1 Klein botteltjie wit vaseline
1 botteltjie boracic poeier
1 klein zink ointment
1 teelepel turlington
Meng alles saam met medicated rooikruis poeier en maak 'n salf.

Sandwurms

Smeer pypolie aan die aangetaste dele. Die sandwurms sal gou verdwyn. (Herhaal 'n paar keer indien nodig).

Seer Keel

Vir 'n sweer in die keel, doop 'n flennielap in kanfer en sit dit lou-warm op die keel.

*

Vir geswelde mangels, vryf „Eau de Cologne" en droë kanfer in.

*

Eet blomswael en suiker, 3 of 4 maal op 'n dag.
Dit is ook goed vir witseerkeel: 1 teelepel fyn aluin, 1 teelepel fyn salpeter, gooi 'n koppie lou water daarop en gorrel daarmee.

*

Gool driekwart pint asyn oor 'n handvol salieblare.
Gool dit deur, as dit koud is; gorrel dikwels. Gorrel met soutwater.

Sere

1/2 bottel vaselien
10 druppels Iodene
1 Botteltjie lewertraan (ekstra sterk)
Meng baie goed. Sit op gaas en sit 2x per dag op sere.

*

Die volgende is 'n raat hier uit Saldanha Baai in die Weskus wat beproef is op so 'n Maer-Merrie seer op my 88 jarige moeder. Die seer het sy vir meer as 'n jaar gehad en al die verskillende dokters se voorskrifte wou nie help nie.

Kry 'n spuit sonder naald en trek hom vol peroksied vir wonde. Spuit so drups gewys op die seer tot dat al die etter uit gekook het.

Meng vooraf:

1 botteltjie Turlington
1 Eet lepel Betadine uit die Buisie
1 Eet lepel Heuning

Bewaar dit in 'n lee plastiek Pil houertjie vir her gebruik.

Nadat die seer skoon gemaak is plaas mengsel op 'n gaas viekant om die wond te bedek en plak toe met deurskynende Pleister. Die soort wat nie die vel skeur as dit af getrek word nie.

Herhaal die totale behandeling twee maal per dag tot ten volle genesing plaas gevind het.

Skilfers

Gebruik 'n vetterige haarwasmiddel. 'n Eenvoudige remedie is suiwer varkvet. Vryf dit goed in die vel.

Skurfte

Gelyke dele Gliserine, melk en spirits.
Gooi in 'n bottel en skud baie goed. Smeer aan.

Slaaploosheid

Gebruik heuning as 'n kalmeermiddel.

*

Eet veel uie, rou of gaar.

*

Drink 'n glas warm melk in die aand net voor slaaptyd.

Slangbyt

Sny 'n kruisie op die bytplek en vrywe permanganaat-kristalle (Condy's crystals) dadelik in die wond.

*

Sit 'n kool vuur op, hou aan tot dit nie meer uitgaan nie. Kerf en brand kruit op.

*

Drup 'n druppel terpentyn op die wond, hou aan tot dit nie meer kook nie, dan is die vergif uit.

Slegte Asem

Meng 'n bietjie peroksied met water en gorrel daarmee, dit sal help. Dit sal die slegte ruik wegneem.

*

Gorrel met pietersieliewater.

*

Kou kruinaeltjies of koffiebone.

*

Gorrel met lewensessens.

Slym Op Die Bors

500 ml afgekoelde kook water

1 teelepel sout

1 teelepel koeksoda.

Snuif 'n bietjie op in die neus.

Snywonde

Gooi 'n hele klomp peper op snywonde wat nie wil ophou bloei nie. Die peper laat die bloed stol en dit brand nie.

*

Om wonde vinnig te genees is daar niks beter as Zambuk (sambok) salf nie. Dit keer infeksie en laat die wonde vinnig genees.

Sooibrand

Meng 'n botteltjie Turlington en 'n blikkie kondensmelk. Drink elke oggend 'n teelepel hiervan op jou nugter maag. Hierdie medisyne voorkom sooibrand en help ook vir maagsere.

*

Drink 'n mespuntjie koeksoda met 'n bietjie water.

*

Eet 'n stukkie neut.

Spastiese Dikderm/Maagkrampe

Strooi n handvol semels, die tipe wat mens gebruik vir brood/beskuit bak, oor jou pap. Eet dit elke dag en jy sal gou sien jou maagprobleme word baie beter. My mammi het vir jare met haar maag gesukkel en bottels vol Maalox en al wat 'n ander ding is, gedrink en toe gee iemand eendag vir haar hierdie wonderlike, eenvoudige, goedkoop raat en sedertdien ry sy haar semels orals saam en eet dit getrou elke dag en sy voel absoluut wonderlik.

Spiere

Verrekking of verstuiting.

Neem gelyke dele asyn en water en was daarmee so warm as dit kan verdra word. Sit nat lappe om.

Sproete

Om sproete weg te neem meng 2 eetlepels suurlemoensap, 2 eetlepels water, 1 eetlepel gliserien en 1 eetlepel boraks. Smeer 3-maal op 'n dag aan die gesig en laat dit vir 20 minute aanbly.

Spysvertering

Kaneel help met die afbreek van vette in die spysverteringskanaal.

*

Vir eeue reeds word Papaja gebruik as 'n spysverterings hulpmiddel. Tesame met ander ensieme, breek papain die proteïne in melk af en dit help ook met die vertering van stysels. Papaja ekstrak is die hoof bestanddeel in die meeste vleis versagters in die handel.

*

Gemmer help met die afbreek van vette. Voorts stimuleer gemmer die uitsetting van gasse vanuit die ingewande en dit voorkom naarheid en vomering.

*

Poeier vir slegte spysvertering.

2 eetlepels suiker, 1 eetlepel gedroogde fyngestampde kamille, 1 eetlepel fyn anyssaad. Meng alles goed. Neem 'n halwe teelepel na elke maaltyd.

*

Laat wilde klipdagga trek en drink 3-maal op 'n dag 1 kelkievol na die ete.

Stem

'n Goeie en onskadelike raat om die stem te versterk is om die wit van 'n eier op te klits met suurlemoensap en 'n bietjie suiker by te voeg.

Stinkneus (Loopneus)

Snuif lopende water op.

*

Om soutwater op te snuif is baie goed. Neem 'n teelepeltjie sout vir 'n glas warm water.

Stuipe

Gee 'n groot mespunt jalappoeier met magnesia in tot dit werk. Sit 'n spaansevliegpleister so groot soos 'n pennie op die krop van die maag. Wynruitbossiesap is baie goed.

Swaarlywigheid (Te vet word)

Die enigste genesing wat daar is vir te dik word, is om nie te veel te eet en te drink nie en genoeg oefening te neem. Elkeen kan sy of haar gewig verminder, as styselagtige voedsel soos brood, ertappels, melerige ete, botter, melk, eiers, tert of pastei, room en alle soet spysse vermy word.

Drink 'n koppie kookwater, elke môre en elke aand.

Ontbyt moet wees: 1 koppie flou tee en grof brood. As daar appels is, dan 1 appel.

Middagmaal: vis, hoender of twee stukkies maer vleis. Groente en vrugte sonder suiker. 'n Koppie tee in die agtermiddag met grof brood.

Aandete: vis, appels en grof brood, 'n Kelkie goeie wyn kan agter die middagmaal geneem word.

Sommige mense sal liever 'n koppie koffie neem in plaas van wyn.

Swak Hart

Trek lemoenbloeisels op whisky en drink.

*

2 groot eetlepels vol gedroogde fyngestampde wynruit op 'n bottel heuning. Neem 'n dessertlepel vol op die nugter maag.

Swart Pleister (Vir wonde)

1 eetlepel bywas,
1 eetlepel skoon teer,
1 eetlepel bokvet, 1
1 eetlepel rou lynolle,
1 eetlepel harpui,
geel van 'n eier.

Smelt alles goed saam, roer tot dit koud is en roer dan die geel van die eier in.

Sweet Voete

Was die voete elke aand en oggend in pekelwater of in warm water waarin koeksoda geroer is. Poeier die voete met boorsuur. Verwissel die kouse dikwels.

Swelsel

Sit vyepleister met kanfer op om swelsel te laat sak.

*

Sit lynsaadpappe of pap van kesieblare en meel op.

Swere

Maak 'n pasta van witbrood en warm water. Sit die pasta so warm as moontlik op die swere.

Tande Sny

Medisinale Liquid parfien... een aanwending oor seer area hou jou amper 8 ure... soos jy op die kleintjie se gums smeer hou hy/sy op met huil!

*

Gee vir die baba 'n stuk biltong om aan te kou, dit help nie net met die sny van die tande nie, baba sal dit geniet ook.

Tandpyn

Sit koue waterlappe op, met 'n droë doek buite op. Drink ook dikwels koue water.

*

'n Onfeilbare middel is fosferine. Gebruik dit soas dit op die botteltjie staan. Gaan dan vir 'n halfuur lê.

*

Neem 'n bietjie kokende asyn, steek 'n stukkie watte daarin en vryf die tandvlels daarmee. Laat die asyn so warm wees as kan verdra word. Steek ook 'n pluisie met asyn in die tand. As dit die eerste maal nie help me, maak die asyn dan weer warm en herhaal.

*

Maak 'n pasta van een deel kaneelpoeier en vyf dele heuning. Smeer aan die seer tant. Herhaal indien nodig

Tering

1 teelepel brandnetels, 1 teelepel bels, 1 teelepel boegoe en 1 teelepel teesuiker.

Trekpleister

'n Trekpleister kan gemaak word deur Engelsesout en gliserien tot 'n pasta te meng. 'n Mengsel van Sunlite-seep en suiker werk ook baie goed.

Vallende Siekte

1 Bossie tiemie
1 Huisie knoffel
1 Bossie wynruit
1 Stukkie duiwelsdrek so groot soos 'n voëleier
2 Bottels druiweasyn

Verkook die asyn tot dit 1 bottelvol is. Sit al die goed op die asyn om te trek. Drink driemaal op 'n dag 3 eetlepels vol. Sit in elke drie eetlepels 10 druppels wonderessens.

Vel Allergie

1 eetlepel (ons) engelse sout
1 eetlepel blom swawel
1 eetlepel tartaric acid
1 eetlepel suiker.
Meng alles baie goed.
1 Mespunt in die môre voor koffie en 1 mespunt in die aand.

Velinfeksie

Omlope en alle tiepes velinfeksies kan beheer en genees word deur 'n pasta van gelyke dele heuning en kaneelpoeier op die geaffekteerde dele aan te wend.

Vergiftiging

Neem Stockholmteer in, so groot as 'n looper.

*

Drink wlldedagga, sterk gekook.

*

Drink melk en soetolie.

*

Drink kanferbrandewyn.

*

Vyf goud en gee dit in.

Verkalking

1 tot (sopie) gin en dieselfde hoeveelheid Lime Juice met water elke aand.

Verkoue

Knoffel keer dat jy verkoues en griep opdoen.

*

Halwe teelepel Jamaika gemmer, halwe suurlemoen se sap, 1-2 teelepels suiker, vul koppie verder met kookwater. Drink so warm as moontlik en klim dadelik in die bed. Probeer so warm as moontlik aantrek. Herhaal elke aand tot jybeter voel.

(Ek drink hierdie verkoue medisyne somer wanneer ek nie so siek voel nie om dus my gestel op te bou).

*

Mense met verkoue moet elke dag een teelepel heuning in low warm water met 'n 1/4 teelepel kaneelpoeier drink. Herhaal vir drie dae. Hierdie middel genees die verkoue en maak ook die sinuskanale oop.

Versterkmiddels

Klits 'n rou eier met 'n bietjie sout, neem dit om 11-uur.

*

'n Bottel portwyn met 'n flessie versterkdruppels. Gebruik drie maal op 'n dag 'n teelepvol.

Vet

Vir te vet of te dik word.

1 eetlepel gemmer, 1 eetlepel heuning en 1 teelepel kremetart.

Sit dit op 'n bottel kookwater en gebruik dit.

Vlekke

Kasterolie help vir ouderdoms vlekke op hande. Probeer om ten minste by slapenstyd aan te sit. Behoort binne 3 dae merkbaar te verbeter.

Voetbad

Gool 2 eetlepels moster in die water, of 'n handvol sout.

Vratte

Hou 'n botteltjie Turlington omgekeer oor die vrat vir so dertig sekondes op 'n keer, drie maal per dag. Binne 'n week is die vratte skoonveld.

*

'n Suurlemoenskil wat vir 'n dag in swart asyn geweek is en dan met die wit kant teen die vrat gebind word, verrig wondere. Haal dit na 48 uur af. Die vrat word swart van binne en val dan self af.

*

Wend 2 maal per dag gewone terpentyn aan en laat droogword. Dit brand nie en na 2 tot 3 weke is al die vratte weg.

Vrot Sere

Blom swael en heuning gemeng op brood vir enige vrot sere!

Watersiekte

“Kafferbier.”

Dit moet al vloeistof wees wat jy drink. Geen water, geen koffie, tee of koeldrank nie.

Wintervoete en Hande

Smeer Lennon se Witdulsies met 'n wattetjie daaraan - twee keer per dag.

*

Smeer met terpentyn, suur asyn of parrafien. Hou die voete elke aand in warm soutwater, droog goed af en poeier met rooikruispoeier.

Wurms

Laat wynruit soos tee trek, en gebruik.

*

(Lintwurms) Kook kwart pond groen bas van granaatboomwortels en twee bottels water totdat helfte weggekook is; neem elke halfuur 1 kelkievol totdat dit van bo af na onder begin werk en hou dan op.

*

Eet vorige aand niks dat die wurms kan uithonger en neem die volgende oggend 'n stukkie brood in die mond op die nugter maag sonder om in te sluk sodat die wurms na bo gelok word; neem sopie brandewyn om hulle dronk te maak en dan jalappurgasie om hul te laat uitwerk; die laasgenoemde (seker die jalap?) kan ook op brandewyn laat trek word; hou sieke goed warm.

Kinders wat nie Luister nie

Gebruik 'n handsambok.of spanriem.!!

<http://www.sariemarais.com/boererate.html>